



**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 32**

**6 Augustus 2023**

**Die Heilige Gees bring lewe!  
(vervolg)**

**Die Heilige Gees lewe saam met jou!**

**Om saam met die Gees te werk of wandel en langs Hom te loop, is meer as net een afspraak. Hy is ook nie soos n “magiese krag” wat ons soms benodig nie. Dit is die konstantheid van In Persoon soos ‘n vriend of reisgenoot in ons lewe. Die Heilige Gees is juis vir ons gegee en beskikbaar gestel om in ons te woon, langs ons te loop en om ons oor die waarheid en God se wil te leer.**

**Die wind is altyd daar, die vlieër moet net vlieg. Dit is om deurentyd jou oor by Sy mond te hou, met Hom te praat oor elke besluit en Hom te gehoorsaam in elke opdrag – om elke ervaring van vreugde en teleurstelling met Hom te deel.**

**Vra vir meer van die Heilige Gees**

**In Pinkstertye word ons weer opnuut van die Heilige Gees bewus gemaak. Amper soos ‘n seuntjie wat besluit om weer ‘n slag met sy vlieër te gaan vlieg. Jy vra dalk:”Hoe bekom ek die Heilige Gees?” Vra net die hemelse Vader. Dit was die Heilige Gees wat jou in die eerste plek na Jesus getrek het. Jy kan vra vir meer van die Heilige Gees (Luk 11:13). As kind van God kan ons nie sonder die Heilige Gees lewe nie! Die Gees van God is nader aan jou as wat jy aan jouself is. Paulus sê in 1Kor 2;15: “...Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Laat die Heilige Gees ‘n werklikheid in jou lewe word.**

**Gaan vlieg met jou vlieër – die “Wind” is altyd daar. Laat die Persoon, die karakter en die werk van die Heilige Gees ‘n werklikheid in jou lewe word. Stel jou oop vir Sy werk. Erken Sy nabyheid en leiding langs jou en in jou. Soek Sy krag. Oorwin saam met Hom. ‘n Lewe wat totaal en al onder die beheer van die Heilige Gees staan, maak die werklike verskil.**

**“Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal” (Gal 5:25).**

**-Willem Badenhorst-**

**Dankbaarheid!**

- **Vir die lewe van die Heilige Gees!**
- **Vir die genadegawes van die Heilige Gees!**
- **Vir die vrug van die Heilige Gees!**

### **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente dat hulle God se liefde vir hulle sal ontdek.
- Vir Eskom, water krisis, onrus en nood in ons land.

### **Gebedsversoeke**

- |                          |                           |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie        | Cedric Wiegand            |
| • Maria Steyn            | Ria Putter                |
| • Oom Sampie Swart       | Tannie Martie de Beer     |
| • Jaco Steenkamp         | Monty Pienaar             |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen Lamont             |
| • Stefaans du Plessis    | Piet Venter               |
| • Annika Killian         | Sumari Pretorius          |
| • Leonie Kruger          | James Vermaak             |
| • Heinrich Kotzé         | Albert Glockzin           |
| • Petrus Venter          | Oom Willie en tannie Dezi |
| • Jillian Jansen         | Rudi Kruger               |

### **Gedagte vir die week**

**“As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?”**

**Luk 11:13**

### **Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)